## VAN STAMVERWANTE BODEM

In die aflewerings van 1, 8, 15, 22 en 29 Desember 1973 en 5 Januarie 1974 van *Elseviers Magazine* (Amsterdam) kom die verhaal voor van die Nederlandse kunshandelaar Benjamin Katz, wat saam met 24 bloedverwante tydens die jongste wêreldoorlog in ruil vir 'n skilderstuk van Rembrandt vrygeleide tot die Spaans-Franse grens van die Duitse besetters van Nederland ontvang het. In Augustus 1945 het 'n geallieerde luitenant, wat aan die opsporingsdiens van geroofde kunsskatte verbind was, dieselfde skildery in Hitler se voormalige woonhuis in Linz aangetref. Op dié wyse het die skilderstuk weer na die Katz-versameling teruggekeer. In totaal het die Katz-broers ongeveer 43 kunswerke teruggekry en as dank twee werke van Maerten van Heemskerk (1498-1574) aan die Amsterdamse "Rijksmuseum" geskenk. Die Mauritshuis, Den Haag, is met 'n skets van Rubens vereer. Die waarde van laasgenoemde drie kunswerke word vandag op ongeveer R300 000 geskat.

Die "Koninklijke Musea van Schone Kunsten" te Brussel het, as 'n deel van die erfenis van prof. dr. F. Delporte, o.m. meesterwerke van die twee Bruegels en "Venus en Adonis" van Jordaens verwerf. In totaal bestaan die skenking uit ongeveer 200 kunswerke. Die inhoud van nr. 18 van die "Nachbarn"-reeks, 'n publikasie van die Kulturele afdeling van die Nederlandse ambassade te Bonn. Wes-Duitsland, is — onder die titel *Vondel und Köln* — gewy aan die plek wat die stad Keulen in sy werke inneem. Hierdie studie is deur prof. dr. P. J. H. Vermeeren, hoogleraar aan die Universiteit van Keulen, geskryf.

In die reeks *Teksten en Documenten*, 'n uitgawe van die Ministerie van Buitelandse Sake, Buitelandse Handel en Ontwikkelingssamewerking te Brussel, is as nr. 297 die studie van dr. Antoon Vollemaere oor die ontsyfering van die Maya-hiëroglieweskrif (pp. 51 — met afb.) gepubliseer.

In deel 4, nr. 3 van die kwartaalblad *Plural Societies* (posbus 3566, Den Haag, Nederland) kom Paul Giniewski se onderhoud met Minister dr. C. P. Mulder onder die titel "Spotlight on South Africa" (pp. 45-51) voor. Minister Mulder is o.m. oor die onafhanklikheidsbeleid ten opsigte van Bantoetuislande, die Sjinese indringing in die Noorde en die verdediging van Suid-Afrika gevra en antwoorde in dié verband verstrek.

Die jongste uitgawe van die maandblad *'s-Gravenhage* is gewy aan geboue uit die tydperk 1921-1940 wat die aandag van die bekende argitek-kritikus R. Blijstra getrek het. Hierdie aflewering wat ongeveer 50 blss. beslaan, is ryklik van afbeeldings voorsien en bied 'n treffende oorsig van die groot verskeidenheid wat die Nederlandse boukuns van dié jare opgelewer het.

In *Cultureel Nieuws uit België* is aangekondig dat die eerste deel van drs. P. van Hees en dr. A. W. Willemsen se studie *Geyl en Vlaanderen, brieven en notities 1911/1927* te Antwerpen en Utrecht verskyn het. *In Ons Erfdeel* 5/73 lewer, onder die opskrif "De historikus Pieter Geyl: aktivistisch strijder en reformistisch konservatief", prof. dr. J. C. Boogman (Utrecht) 'n beskouing oor hierdie werk waaromtrent hy opmerk "dat we dit boek dienen te beschouwen als een wezenlijk deel van het oeuvre van een fascinerende persoonlijkheid en een belangrijk historikus."

In dieselfde aflewering van *Ons Erfdeel* skryf Elly Cockx-Indestege, Brussel, oor die vyfhonderdste verjaarsdag van die boekdrukkuns in die Nederlande (pp. 59-72). Van die oudste boeke in die toenmalige Nederlande is gedruk te Leuven, Brussel, Antwerpen, Oudenaarde, Gent, Brugge, Utrecht, Deventer, Delft en Gouda. 'n Groot aantal treffende afbeeldings lig die teks toe.

In Suriname het die plakaatboek *Plakaten, ordonnantiën en andere wetten, uitgevoordigd in Suriname*, 'n werk in twee dele, onder die redaksie van drr. J. A. Schiltkamp en J. Th. de Smidt verskyn. Hierdie werk bevat die tekste van 1 137 plakate, verordenings en amptelike reëlings met betrekkings tot Suriname oor die tydperk 1761-1816. Tewens het prof. dr. ir. C. Koeman 'n fascimile-atlas van Suriname, bestaande uit kaarte en 'n teks van ongeveer 100 000 woorde, die lig laat sien te Amsterdam.

In "*Trophäen im Park*" beskryf Wilhelm Diedenhofen, na aanleiding van 'n tekening van A. von Borssum wat in 1970 deur die Amsterdamse Rijksmuseum verwerf is, in *Bulletin van het Rijksmuseum*, jg. 21 (1973), afl. 3, pp. 117-126 die terrastuin wat naby Kleef deur Johan Maurits van Nassau ("die Brasiliaan") aangelê is.

Ten slotte kan vermeld word dat C. J. Schutte, wat onder leiding van prof. dr. F. A. van Jaarsveld 'n studiejaar in ons midde deurgebring en na aanleiding daarvan *De Hollanders in Krugers Republiek* gepubliseer het (1969) op 18.1.1974 op grond van die proefskrif *De Nederlandse Patriotten en de koloniën. Een onderzoek naar hun denkbeelden en optreden, 1770-1800,* aan die Rijksuniversiteit te Utrecht gepromoveer het. In hierdie proefskrif word o.m. aandag aan die Kaapse Patriotte gewy en hierdie studie kan ook vir ons as 'n aanwins beskou word aangesien dit die Patriotte in al die toenmalige Nederlandse kolonies as onderwerp van behandeling het. Dikwels sien ons dan, duideliker as tans die geval is, die stryd aan die Kaap as 'n onderdeel van 'n groter geheel en dit teen die agtergrond van die toenmalige Nederlandse- sowel as die Bataafse Republiek.

Jan Ploeger
Staatshistorikus